

30 September

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 22:10-23:21

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 22:10-23:4

Die Here gebruik gewone mense om sy plan uit te voer

Die Here gee uitkoms waar uitkoms nie moontlik lyk nie. Hy beskik dat daar iemand uit die nageslag van Dawid (en Agab) oorbly om die troon in Juda te bestyg. Hy is 'n takkie uit die afgekapte stomp van Isai, 'n wortel uit droë grond – soos Jesus Christus later op 'n heerliker manier sou wees toe die nageslag van Isai en sy seun Dawid oënskynlik heeltemal doodgeloop het.

Deur 'n vrou, Atalia, word Dawid se nageslag bedreig en so te sê uitgewis. Atalia vermoor alle aanspraakmakers op die troon – ook haar eie kleinkinders. Self stam sy nie van Dawid af nie en daarom sou sy 'n nuwe koningshuis in Israel kon vestig. Dit lyk of die duiwel dit reggekry het om God se plan met die Dawidshuis te verongeluk.

'n Tweede vrou tree egter na vore: Jehoseba, suster van die laaste Dawidskoning, Ahasia. Sy volg nie haar broer na nie en ook nie haar pa, Joram, nie. Sy vrees ook nie haar ouma, Atalia, nie. Deur haar toedoen bewaar die Here die koningslyn van Dawid. Sy neem een van die babas tussen die prinse wat Atalia sou doodmaak stilletjies weg en maak hom sewe jaar lank in die geheim groot. Sy is die vrou van Jojada, 'n priester van die Here.

God laat sy werk voortgaan, ten spyte van wat magtige mense doen. Hier gebruik hy 'n vrou – sonder mag – en haar man om die Dawidslyn te bewaar. Toe die kind, Joas, as koning uitgeroep word, was dit met die hulp van Leviëte en familiehoofde wat uit al die stede van Juda bymekaargemaak is (23:2). God wil jou as gewone gelowige gebruik om, soms op die mees onwaarskynlike manier, sy plan in hierdie wêreld uit te voer.

Sing: Psalm 89:1,2

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)